KB Ministries

# PS KAI BEUKES

082 979 5698 | www.kbministries.co.za

**NUUSBRIEF NO.1**

Goeie dag aan al die lede van die web-tuiste.

Ek wil baie dankie sê aan almal wat reeds aangesluit het by die oorlogvoering groep, want dit is vir my duidelik dat dit verseker gaan groei tot op die plek waar ons ‘n geweldige invloed in die gees-wêreld kan maak.

Ek gaan vanoggend net na 10h00 in gesprek wees met Marius van Radio Grootrivier in die Noord Kaap. Ek vertrou dat hulle ook oor die Noordkaap ons gebedsgroep gaan ondersteun.

Ek vra vanoggend vir u gebede om my te versterk om die opdrag van die Here met alle mag en krag te kan uitvoer.

U sal verstaan dat wanneer iemand dit wil waag om die koninkryk van duisternis aan te val, dat daar beslis ‘n reaksie sal wees. Ek leef beslis nie in vrees vir dit nie, maar elke persoon wat bid dat die Heilige Gees my sal versterk in die werk van die Here, maak ‘n groot verskil.

Daarom die oproep vandag. Bid vir my!! 1 Thess.5:23 verklaar dat die mens bestaan uit: gees, siel en liggaam. Ons is eintlik ‘n gees, met ‘n vleeslike liggaam en ‘n siel. Dit beteken beslis dat ons ‘n konnektasie met die geesteswêreld het, of ons wil of nie. Die saak is nou net, met watter deel van die geestes wêreld? Lig of Duisternis? Die een met wie jy ‘n konneksie het, beheer jou lewe. Dit is nou maar eenmaal net so!

Kom ons maak seker dat ons Jesus Christus en die Heilige Gees in ons lewe het.

As dit nie so is nie, bekeer en maak Jesus Christus beslis deel van jou lewe.

Mooi dag

Vrede. Past. Kai Beukes 0829795698